

Die HOKK-oudit is verby: waarheen nou?

Die NWU is op die regte pad wat gehalteversekering betref. Dit blyk duidelik uit die ouditverslag van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK) wat die Universiteit in Mei 2010 ontvang het en 'n uitvloeisel is van die oudit wat verlede jaar in Maart gedoen is.

In die verslag lig die HOKK sewe aspekte uit as prysenswaardig, onder meer die praktyk van progamevaluering, gesonde finansiële bestuur, navorsingsondersteuning en die gebruik van studiegidse.

Hulle maak ook duidelike aanbevelings ten opsigte van aspekte wat aandag verg. Dié aspekte sluit in die transformering van die personeelprofiel dwarsoor die NWU, die opgradering van biblioteke, die ontwikkeling van personeel wat assessering

betref, die daarstel van beleide vir na-graadse studies, en die verbetering van navorsingsetiek in alle dissiplines.

Die leemtes wat aangedui is, stem grootliks ooreen met die sogenaamde gapingsregister wat bygehou is deur die projekspan tydens die selfevalueringsproses. In dié register het die NWU self aangedui waar moontlike leemtes bestaan. Die reeds geïdentifiseerde gapings of leemtes word met groot erns bejeën, daarom maak die NWU reeds in die Institusionele Plan vir 2010-2012 hiervoor voorsiening.

WAT NOU GEMAAK?

Die NWU het nou die geleentheid om die HOKK-ouditverslag te ontleed en 'n gepaste verbeteringsplan saam te stel. Die verbeteringsplan moet teen Oktober/November 2010 by die HOKK ingedien word.

Die implementering van die verbeteringsplan sal in samewerking met die Projek-kantoor in 'n verskeidenheid projekte gegroepeer en bestuur word. Ná afloop van drie jaar sal die Universiteit volledig aan die HOKK verslag doen oor hoe die instelling vorder met die uitskakeling van leemtes.

Ná hierdie verslagdoening begin die NWU met die voorbereiding vir die volgende HOKK-oudit. Onthou, die doel van die HOKK-oudit is onder andere om die NWU te help om 'n kultuur van deurlopende gehalteverbetering te vestig en te handhaaf.

Geniet die reis saam met die Institusionele Projek- en Kwaliteitskantoor...

– **Dr Jannie Jacobsz, Institusionele Direkteur: Kwaliteitskantoor**



NWU-personeel wat deur die HOKK-paneel oor kwaliteitsbestuur by die NWU ondervra is tydens die oudit in Maart 2009, is van links dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, prof Amanda Lourens, tans Viserektor: Navorsing, Potchefstroomkampus, prof Susan Coetzee-Van Rooy, Navorsingsleier (Fakulteit Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekcampus), prof Daan van Wyk, voormalige Viserektor: Beplanning en Kwaliteit, Potchefstroomkampus, mnr Attie Juyn, Direkteur: Institusionele Inligtingstechnologie, dr Jannie Jacobsz, Institusionele Direkteur: Kwaliteitskantoor, prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning, Vaaldriehoekcampus, en prof Sevid Mashego, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning, Mafikengcampus.

Ondersteuningsdienste inspireer

Baanbrekerswerk. Groot inspirasie. Dit is die woorde waarmee die werksaamhede en positiewe evaluering van twee ondersteuningseenhede by die NWU beskryf word.

Dié eenhede, die Institusionele Taal-direktoraat en Statistiese Konsultasiediens op die Potchefstroomkampus, was die eerste twee NWU-ondersteuningseenhede wat in 2009 die proses van interne selfevaluering en daarna eksterne eweknie-evaluering ondergaan het.

Hiermee is baanbrekerswerk gedoen. Boonop was die positiewe verslae wat ontvang is, groot inspirasie vir prosesverbetering en -implimentering in die betrokke departemente en het dit waarskynlik ook ander ondersteuningseenhede geïnspireer.

– Prof Marlene Verhoef: Bestuursadviseur, Kantoor van die Visekanselier
– Dr Suria Ellis, Hoof: Statistiese Konsultasiediens, Potchefstroomkampus

Wat die evalueringsverslag van die eksterne paneel betref, reageer die twee eenhede soos volg:

Die positiefste kommentaar in die verslag

Taaldirektoraat: Die NWU se taalstrategie vir funksionele meertaligheid word as nasionale en internasionale norm beskou wat as standaard dien vir alle onderwysinstellings wat 'n meertaligheidsbeleid nastreef.

Statistiese Konsultasiediens: Die paneel het die eenheid geloof vir die kwaliteit van hul diens en vir die groot bydrae wat hulle tot die navorsingsuitsette van die NWU maak.

Die grootste uitdagings vir die eenheid

Taaldirektoraat: Intern is dit om nog groter eienaarskap in die NWU se meertalige taalbeleid by alle interne belanghebbendes

te skep. Ekstern is dit om nog groter netwerke en samewerkingsooreenkomste te vestig met ander universiteite in Suid-Afrika en in Afrika wat die bestuur en die uitbou van meertaligheid betref.

Statistiese Konsultasiediens: Om personeel met die regte kwalifikasies en ondervinding te vind of op te lei sodat kapasiteit gebou en sleutelpersoneel vervang kan word.

Die belangrikste wat die eenheid uit die hele proses geleer het

Taaldirektoraat: Dit was 'n goeie leerskool waarin ons weer krities na ons eie strategieë en prosesse kon kyk.

Statistiese Konsultasiediens: Ons kan by soortgelyke eenhede van ander universiteite leer hoe hulle kwessies soos byvoorbeeld mede-outeurskap van publikasies hanteer.

NWU voeg die daad by die woord



Een van die gemeenskapsprojekte waarby die NWU betrokke is, poog om die kwaliteit van onderwys vir vroeë kinderontwikkeling te verbeter.

Gemeenskapsbetrokkenheid aan die NWU pas goed in by die Universiteit se entrepreneuriese benadering tot aktiwiteite en sy missie om sy kennisbasis produktief aan te wend in gemeenskapsdiensprojekte.

Dit is die HOKK se bevindinge na afloop van hul evaluering van die NWU se idee van gemeenskapsbetrokkenheid, hoe dit oor die instelling toegepas word, en hoe die gehalte van hierdie aktiwiteit verseker word.

WELGEDAAN

In hul verslag het die paneellede hul waardering uitgespreek vir verskeie van die gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte. Hulle was ook beïndruk met die gemeenskapsprojekte wat hulle gedurende hul terreinbesoeke gesien het, soos die Wetenskapsentrum op die Potchefstroomkampus en die Diergesondheidskliniek op die Mafikengkampus.

Ná gesprekvoering met die NWU se projekvennote het die paneel tot die slotsom gekom dat die samewerking en bystand van die NWU van 'n hoë gehalte is en dat die potensiaal bestaan om nog meer soortgelyke projekte aan te pak.

PROBEER DIT

Die aanbevelings wat die paneel gemaak het, was oor die algemeen positief en soortgelyk aan dié wat vantevore aan

ander hoëronderwysinstelling gemaak is. 'n Algemene aanbeveling was byvoorbeeld dat die NWU 'n oorkoepelende strategie, plan en prosedures ontwikkel om die potensiaal van sy siening van gemeenskapsbetrokkenheid ten volle te laat realiseer.

Die aanbevelings is onder meer by die NWU se Institusionele Plan ingesluit en sal vanaf 2010 geïmplementeer word.

– Me Beatrix Bouwman, Direkteur: Gemeenskapsverbintenisse

HET U GEWEET?

Areas waarbinne die NWU aktief is in gemeenskapsdiens sluit in programme met betrekking tot MIV en VIGS, kuns- en kultuurbestuur, landbou en dieregesondheid, maatskaplike werk in gesinsgesondheid, gemeenskapsreg, wetenskapopvoeding, steun vir skoolopvoeding, ondernemingsontwikkeling en entrepreneurskap.



D staan vir doeltreffend

Die Hoëronderrig-Kwaliteitskomitee het die Departement Navorsingsondersteuning geprys vir hul doeltreffendheid.

Dié pluimpie is grootliks te danke aan die Departement se ontwikkeling en implementering van inisiatiewe om te help met die NWU se kapasiteitsbouings in die twee jaar voor die HOKK-oudit in 2009. Een van die inisiatiewe was byvoorbeeld 'n kompetisie vir die Mees Produktiewe Navorsers van die Jaar en 'n gefokusde ontwikkelingsplan vir opkomende navorsers.

KOMPETISIETYD

In die Mees Produktiewe Navorsers van die Jaar-kompetisie word daar jaarliks drie toekennings gemaak: vir Mees Produktiewe Senior Navorsers, Mees Produktiewe Junior Navorsers en Mees Produktiewe Navorsingsentiteit van die Jaar.

GEE HULLE VLERKE

Nog 'n inisiatief was die implementering van die gefokusde ontwikkelingsplan vir opkomende navorsers. Dit is gemik op die verbetering van die akademiese kwalifikasies van permanent aangestelde personele van die Universiteit.

Befondsing word byvoorbeeld beskikbaar gestel vir die vervanging van dosente vir tot ses maande sodat die kandidate hul proefskrifte kan skryf. Hierdie geld kan ook gebruik word vir die redigering, druk en bind van die proefskrifte of vir reis om tyd by 'n mentor deur te bring wat 'n kundige op die gebied is.

Werkswinkels word ook jaarliks gehou om die ontwikkeling van jong navorsers verder te verbeter.

– *Me Hannekie Botha, Navorsingsondersteuning*

Hulle gee 'n hupstoot vir die onderrig-leer-omgewing

In hul verslag was die HOKK vol lof vir die werk van die Eenheid vir Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning en die Akademiese Ondersteuningsdienste op die kampusse. Hulle het ook waardering uitgespreek vir – onder meer – die ontwikkeling van studiegids en die instel van die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid.

ONDERSTEUNING AAN DOSENTE

Een van die gapings wat die HOKK geïdentifiseer het, was studente-assessering. Om hierdie gaping te vul, word daar nou nog meer gefokus op personeelontwikkeling op die kampusse wat assessering betref. Die Eenheid gaan ook steeds voort om die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente aan te bied, en stel nuwelinge op dié manier bekend aan die filosofie van onderrig en leer aan die NWU.

ONDERSTEUNING AAN STUDENTE

In reaksie op die HOKK-verslag is die Eenheid ook besig om die faktore te identifiseer wat die NWU se deurvloeiings beïnvloed. Sodra dit afgehandel is, sal die huidige

ondersteuningstelsels vir studente – insluitend Aanvullende Onderrig en leeslaboratoria – uitgebrei word en nuwes bekendgestel word.

PROGRAMBELYNING

Die NWU het in 2006 'n proses van programbelyning van stapel gestuur om konsekwentheid van alle akademiese programme regoor die Universiteit te verseker. In hul verslag het die HOKK aanbeveel dat die Universiteit die nodige meganismes in plek stel om te verseker dat hierdie proses doeltreffend gebruik word as 'n hersieningsgeleentheid met betrekking tot verskillende benaderings tot kurrikulumtransformasie, die akademiese fokus van die verskillende kampusse, en die mate waarin belynde programme daartoe bydrae om NWU-graduandi toe te rus.

Die Eenheid sal werk maak van al die aanbevelings wat in die verslag gemaak is om sodoende aan die verwagtinge van dosente en studente te voldoen.

– *Dr Muki Moeng, Institusionele Direkteur: Onderrig-Leer*

Sien is inderdaad glo!

As iemand vir jou sou sê dat Bestuur besluit het om vir elke personeel 'n R100 000-merietebonus te gee, sal jou reaksie waarskynlik wees: "Dit wil ek eers met my eie oë sien!" of "Wys dit vir my swart op wit!"

So 'n reaksie getuig reeds van 'n inherente bewustheid van rekords en bewyse en dit is presies wat Rekordbestuur en Administrasie tydens verlede jaar se HOKK-oudit moes verskaf – rekords en bewyse.

Deur die insameling van toepaslike dokumentasie het hulle bewyse verskaf van prosesse en aktiwiteite soos beskryf in die NWU se selfevalueringsverslag.

'N LÊERPLAN WAT WERK

Die kategorieë wat deur die HOKK geïdentifiseer is as areas vir bespreking in die selfevalueringsverslag het grootliks ooreengekom met die besigheidsaktiwiteite

van die NWU waarop die lêerplan van die Universiteit gebaseer is. Dit het bevestig dat die NWU se lêerplan 'n soliede basis het.

Weereens is dit 'n geval van sien is glo – die NWU se konseplêerplan moes in aksie gesien word. Daarom het die NWU besluit om die lêerplan aan 'n proeflopie te onderwerp vir 2009 se HOKK-oudit. Hierdie proeflopie het daartoe gelei dat die Raad die hersiene rekordbestuursbeleid en lêerplan in November 2009 goedgekeur het.

Dus: as 'n mens sou hoor dat Bestuur merietebonusse van R100 000 aan alle personele gaan betaal, kan jy dit net glo indien dit behoorlik op rekord gestel is. O ja, terloops: daar bestaan geen rekord oor die aanloklike R100 000-merietebonusse nie; dit is maar net 'n gerug...

– *Me Amanda van der Merwe, Bestuurder: Rekordbestuur en Administrasie*

Kwaliteitskalender 2010



Mafikengkampus

9 April	EPE* – Chemie (vak-in-program** – voorgraads en honneurs)
23-27 Augustus	Besoek deur <i>Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad</i> ***
Datum onbekend	Besoek deur <i>Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika – Psigologie-vakgroep</i> ***
23 September	EPE – Wiskunde (vak-in-program – voorgraads en honneurs)
13 Oktober	EPE – BA <i>Vredestudies en Internasionale Verhoudinge</i> (voorgraads en honneurs)



Potchefstroomkampus

2-12 Maart	Oudit van Skool vir Voortgesette Onderwysopleiding
31 Mei	Suid-Afrikaanse akkreditasie van Aktuariële Wetenskappe***
20 Augustus	EPE – MA Maatskaplike Werk – Forensiese Praktijk
12 September	Opvolgbesoek van Suid-Afrikaanse Instituut van Geotrooieerde Rekenmeesters***
Junie en November	Byeenkoms vir Kuratore van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika****
2 November	EPE – Magister in Besigheidsadministrasie



Vaaldriehoekkampus

16 Maart	EPE – Geskiedenis (vak-in-program – voorgraads)
7 September	EPE – Magister in Teologie
12 September	Opvolgbesoek van Suid-Afrikaanse Instituut van Geotrooieerde Rekenmeesters***



Institusionele Kantoor

Mei	Finale HOKK-verslag word ontvang
Oktober	Verbeteringsplan van HOKK-verslag word ingedien
2de semester	Evaluering van twee ondersteuningseenhede op twee van die drie kampusse



* EPE: Eksterne evaluering van akademiese programme. ** 'n Vak wat deur verskillende programme se studente geneem word.
*** Evalueer NWU-kwalifikasies ten opsigte van voldoening aan vereistes van professionele liggame. **** Evalueer studente-opleiding